Joh. 15 : 5

Christelike Strewers-Vereniging
van S.-A.: Tak Germiston.

# Dooie Takke

Oggendgodsdiens: 14 Febr., 1947 ✓

*deur*

*Ds. C. J. B. Naudé*

Uitgegee deur en verkrygbaar by Mnr. P. H. Berrangé, Voorsitter van die C.S.V., Kinross-straat 25, Germiston.

Ges. 4:1,2,4
Ges 43: 1,6
Ges. 58: 8

Olifn v Balsfn 20/7/47.

Joh. 15: 1-8. (vs 5).

In die bosryke kloof van 'n berg het 'n klimop gegroei. Elke dag het die klimop se fyn dun stammetjie verder uitgerank om die stewige stam van 'n naburige boom te bereik en te omarm. Die hele plantjie se lewe was een strewe, 'n gedurige uitstrek om homself aan die hoëre vas te klem. Een môre vroeg, toe iemand weer kom kyk—was die klimop daar! Met sy lang brose rankvingertjies het hy homself stewig om die boom gedraai. Sy lewe was veilig—so het dit gelyk.

Dié nag het 'n storm in die berg gewoed en in al sy woestheid en geweld deur die kloof gewaai. Alles wat voorgekom het is meedoeënloos afgeruk en meegevoer deur die krag van die storm en die wind . . . . . Ook die klimop is verpletter in die geweld van die wind. // Toe dit lig word het dit daar op die grond gelê—nog vasgedraai om die tak van 'n boom. Die boom gebreek? Nee, nie die boom nie—die klimop het homself gevestig om 'n dik en stewige, maar dooie tak—en dié tak het gebreek. Maar die boom self—oud soos die eeue, nog lewend, groen en sterk met wortels diep en stewig in die aarde—het nog net so onwankelbaar daar gestaan. As die klimop homself maar net vasgeklem het om die stam van die boom, sou geen storm hom ooit kon afskeur of verpletter.

Begin almal van ons nie ook die lewe soos die klimop: fyn en broos en teer, soekend en tastend na die Boom van alle lewe—God—om dan soms op te hou by die bereiking van een of ander dooie tak? Mag ek u 'n paar van dié dooie takke noem?

Daar is die dooie tak van 'n **skyngodsdiens,** 'n tweedehandse geestelike lewe wat ons probeer voer uit pure gewoonte of uit respek vir 'n vrome ouer—hoewel dit in ons lewe nog nooit 'n lewende werklikheid geword het nie. Vir 'n tyd mag dié skyn onsself en ander bedrieg—maar wat gebeur as die storm kom?

Daar is die dooie tak van **goeie voornemens** wat ons probeer neem om dan daarna te probeer lewe. Vir 'n tyd mag dié goeie voornemens ons help (al voer ons hulle nooit uit nie)—maar wat gebeur as die storm kom?

Daar is die dooie tak van 'n **bepaalde organisasie,** 'n party, 'n mooi stelsel, 'n sekere Kerk waarin baie van ons ons ewige sielsgeluk soek asof net dit ons geluk kan bring.

Gebed ... (margin note)

Joule — Vaar — Maanta — Bank — Storm

Vir 'n tyd mag ons bevredig word, mag die tak hou—maar as die storms kom, wat gebeur dan?

Ander heg hulleself aan 'n **sekere persoon:** 'n geliefde predikant, 'n gevierde volksleier, 'n troue vriend, 'n familielid, 'n geliefde. In hom of haar soek ons dan ons redding, ons blywende geluk, ons hoogste goed. Op 'n goeie dag val die persoon in versoeking, laat die persoon ons in die steek, doen die persoon iets teen ons sin—en dan val alles waarop ons ons lewe gebou het in een slag inmekaar. 'n Dooie tak—en wat maak ons dan? **Niemand is goed genoeg om die middelpunt van ons geloof te wees nie—niemand behalwe God!** Anders . . . . 'n dooie tak!

Freddie Lourens

Ander weer is tevrede om net te lewe met **die gedagte dat daar 'n God is,** dat daar verlossing is, dat daar 'n Christus is — hoewel hulle nooit dié God persoonlik leer ken nie, dié verlossing nooit ondervind nie, dié Christus ontmoet nie. En as die storms kom knak hulle lewensrank—omdat hulle probeer vasklem het aan 'n dooie tak!

N.B. Êrens in elkeen van ons se lewes is 'n dooie tak waaraan ons vasklou. Miskien weet g'neen van ons wat dit is nie—maar God weet. Al wat **ons** weet is dat ons by tye miskien bang voel, ongelukkig, bevrees, beangs, benoud, of omgekrap, kwaad, isegrimmig—die wêreld lyk dan vir ons glad verkeerd omdat ons dan nie weet waar om 'n vashouplek te kry nie. Diep in hart voel ons: ankerplek onmisbaar!

Daarom vra ek u net dit: maak seker van u vashouplek. Moenie halfpad ophou groei nie—dis gevaarlik. Gaan reguit na die lewende Boom, die sentrale Stam—Christus Jesus. Hy is die onwankelbare, die Ewige, die Blywende temidde van die wankelende, die verbygaande, die verdwynende in die lewe. Dan kan die storm maar woed, die wind maar waai, die wêreld wankel—in Hom is u veilig.

Ruwe storme breek in woede,
alles om my heen is nag;
tog hou God my in sy hoede,
Hy hou vir my heil die wag.

Die goeie is d. vyand v.d. beste

O God,

As dit van my alleen moet afhang sal ek myself wil tevrede stel met halwe maatreëls. Red my tog hiervan. Keer my om nie aan dooie takke vas te klem nie. Daar is so baie van hulle: my troppe geld, my blink huis, my skrander kinders, my sosiale agtergrond, my helder brein, my goeie sake vernuf, my gesonde mooi liggaam. . . .

Ek begeer niks minder as Uself, die Ware Wynstok. Maak my soos die rank wat in die Wynstok bly, soos die klimop wat sy teer stengel om die Stam slaan wat nooit Wankel—want die storms woed om my heen. Ek vertrou my aan u toe—nou en vir altyd. AMEN.